DEEL 115 | WEEK 49 | 8 DESEMBER | 2023 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Strate vol hoop en liefde



Desember bring jaarliks 'n spesiale gevoel van vreugde, terwyl liefde en sorg die sentrale temas van die seisoen word. Dis presies wat Pitstop Saterdag op 'n mooi wyse bereik het. Pitstop word deur Alet en Keith Petzer asook hul dogter, Tanya Petzer Botha en haar gesin gedryf.

Die familie het 'n dag wat 'n toonbeeld was van samewerking en omgee geskep wat die strate van Heilbron met hoop en liefde gevul het. Die oggend het met 'n vrolike pretstap begin vanaf Hoërskool Heilbron na Huis Bron van Heil, met meer as 80 mense wat saamgestap het. Hierdie pretstap was 'n simboliese reis van hoop en vreugde. Elke bejaarde by Bron van Heil én die personeel het 'n spesiale geskenk met groot vreugde en dankbaarheid ontvang.

Die dag het egter nie daar gestop nie. Stalletjies by Hoërskool Heilbron het 'n geleentheid gebied vir die gemeenskap om iets terug te gee. 'n Woordverkondiging het harte aangeraak, terwyl die hoogtepunt van die dag die betowerende vertoning deur Manie Jackson was. Dit was 'n geskenk aan die gemeenskap, 'n gratis vermaaklikheid en vreugdevolle ervaring. Pitstop is meer as net 'n gebeurtenis; dit is 'n ruimte waar mense, ongeag van geslag of ras, God se nabyheid ervaar. Tanya deel dat Pitstop nie 'n tradisionele kerk is nie, maar 'n plek waar almal welkom is en waar die kernwaardes van liefde en omgee hoog geag word. Die oorsprong van Pitstop dateer na Februarie 2022 toe die Petzer-gesin 'n lewensveranderende ervaring gehad het deur kampe in Pretoria by te woon. Daar het hulle geleer hoe om hulle eie lewens te verbeter en ander te help om die uitdagings van die verlede te oorkom. Hierdie ervaring het 'n diep verlange in hulle gewek om 'n positiewe impak op hulle eie gemeenskap in Heilbron te maak. Pitstop bring dikwels inspirerende sprekers wat 'n wye spektrum van temas dek. Hulle is nie net beperk tot 'n spesifieke rigting nie, maar poog om 'n diverse gemeenskap saam te bring. 'n Kernaspek van Pitstop is ook om aan elke persoon wat die dag bywoon 'n gratis ete te gee as 'n simbool van sorg en liefde vir die gemeenskap. Die Petzer-gesin dra dikwels die finansiële bydrae vir Pitstop self, maar hierdie Saterdag het die gemeenskap bewys dat ware vreugde lê in omgee vir mekaar. Talryke borge het betrokke geraak en bygedra om hierdie dag 'n groot sukses te maak. Van kontant, water-donasies en geskenke van kos. Heilbron het bewys dat, ten spyte van sy uitdagings, die gemeenskap altyd saam staan. Desember is nie net 'n maand van feesvier nie, maar 'n tyd waarin die ware gees van samewerking en omgee na vore tree. Pitstop het Saterdag 'n helder lig op Heilbron laat skyn, 'n lig van liefde, samehorigheid en medemenslikheid.









# BRIEWE VAN ONS LESERS

*Die volgende skrywe is ontvang van De Jager Rona van Sandersville Heilbron, gerig aan die redakteur.*

Dear Sir

I am writing to you once again, to express our deep concern and disappointment regarding the ongoing disregard for our community's enshrined fundamental human rights by a local establishment's management.

It is disheartening to witness the continuous discharge of blood and animal waste into the sewer system surrounding the environment, despite the explicit prohibition stated in various environmental conservation acts and regulations.

The repercussions of this irresponsible behavior have been deeply felt within our community.

Firstly, the improper disposal of blood and animal waste has resulted in unprecedented blockages in our sewer system. This not only disrupts the smooth functionality of the network, but also puts pressure on the already strained budget of the council, and unfairly burdens community members as they have to bear costs of repairs and maintenance.

This is a clear violation of our right to a clean and healthy environment as guaranteed by our constitution.

Moreover, the discharge of blood and animal waste into the surrounding environment has had severe consequences.

The foul stench in the air is unbearable, creating a highly unsanitary and hazardous living environment for the residents. This constant exposure to the unpleasant odours poses a risk to public health and well-being (especially to our vulnerable Grade R and Grade 1 learners, d nearby vicinity).

Such conditions undermine our right to dignity and a safe living environment, which are also fundamental human rights protected by our constitution.

Unfortunately, as concerned members of Sandersville Community Members, it appears we are about to have exhausted all possibilities to address this issue at a local level. However, it is unfortunate that our repeated complaints are falling on deaf ears.

It is crucial for you to understand that we have no choice, but to resort to possible legal processes, higher government institutions, and if necessary, contact National Public Protectors to ensure our fundamental human rights are protected.

We expect the establishment's management to cease the discharge of blood and animal waste into the sewer system. Instead, we humbly urge you to comply with the Environmental Conservation Acts and regulations which explicitly state that animal waste should be contained at the point of generation; and in accordance to the requirements of section 21 of the National Environmental Management: Air Quality Act, of 2004... "A Waste Manager must operate an incinerator", to prevent any further violations.

We believe it is possible to rectify the situation and restore a healthy living environment for our community.

We hope you take our concerns seriously, as this issue affects everyone's well-being and quality of life.

Failure to address this matter adequately will force us to escalate the matter further and seek legal redress to protect our rights.

Our community deserves a safe and healthy living environment, and it is imperative that our Constitutional Rights are protected and upheld.

***Yours sincerely,***
***De Jager Rona***


POSTNET HEILBRON

**Besigheidsure**
**Maandae - Vrydae:** 08:00 -16:30
**Saterdae:** 09:00 -12:00
*Elsstraat 42, HEILBRON • Tel: 058 853 0006*




# Abattoir probleem aangespreek

Robert Ferendale, 'n lid van die Demokratiese Alliansie (DA), het Woensdag 'n besoek aan die BBB Abattoir deur gebring. Hierdie stap volg nadat talle inwoners van Sandersville gekla het oor 'n ondraaglike reuk wat die lewe onmoontlik maak. Ferendale het die aanbevelings van die departement na gegaan en met die eienaar gesels om onmiddellik regstellende maatreëls te tref.

Eerstens is vasgestel dat mis in die rioleringspypе beland het as gevolg van 'n te groot sif. Hierdie probleem is onmiddellik aangespreek deur die regte grootte sifte vir die miskraal te installeer. Die eienaar van die abattoir Johan Breitenbach het 'n persoon gemobiliseer om dadelik met die werk te begin, en ȟ persoon was reeds daar toe Robert by die perseel opdaag. Die onaangename reuk is toegeskryf aan bloed in die septiese tenks. Ferendale se voorstel was om die bloedtenks sonder ventilasie toe te bou om die reuk te voorkom. Johan het saamgestem en 'n persoon geskakel om onmiddellik met die proses te begin. 'n Verdere kwessie is die bloedwater in die rioolstelsel, wat binne regulasies is en deur Ferendale bevestig is. Hy stel egter voor dat daar in die toekoms gesprekke met die eienaars van besighede moet wees om gesamentlik na oplossings te soek, eerder as om op die munisipaliteit te wag om iets te doen.

Robert beklemtoon dat besighede van groot belang is vir die dorp en gemeenskap, en om mekaar te blameer nie iets sal verander nie. Hy wil nie politiek betrek nie, maar beklemtoon dat die infrastruktuur verouderd is vir die grootte waartoe Heilbron uitgebrei het. Die dreineringsisteem is te klein en kan nie die hoeveelheid riool hanteer nie. In tye van reën is Leeustraat dikwels die ergste getref, met huise wat vol water is, sonder enige optrede van die owerhede.

Hy pleit vir samewerking tussen raadslede om na die gemeenskap om te sien. Hy glo dat ware verandering kan plaasvind as daar aandag aan die gemeenskap gegee word. Hy beklemtoon die noodsaaklikheid van verandering en sê dat Sandersville nie meer dieselfde is nie.



*Robert Ferendale, in samewerking met Johan Breitenbach en personeel van die BBB Abbatoir, besig om die rioolprobleem op te los.*



# UIT DIE PEN: Week 49 van 202



Op 'n mooi dag kondig die Departement van Onderwys aan dat die kurrikulum gaan verander. Daardie jare was ek nog in ons Klein Vrystaatse dorpie. Een van die uitkomste van die nuwe kurrikulum was om te leer hoe om in 'n groep te werk.

Hier moet ek bieg: ek verkies om in 'n groep te werk slegs wanneer dit my pas en indien ek die groeplede kan kies.

Nietemin: ons moes kinders in groepe leer en assesseer. Tot my uiterste frustrasie. Ek het die kinders teen daardie tyd redelik goed geken en geweet wie in 'n groep sou werk en wie in 'n groep sou laks raak.

Wanneer daar vyf kinders in 'n groep moes wees, het ek die kinders van 1 tot 5 genommer. Al die nommer eens is in groep 1, al die nommer twees is in groep 2. En dies meer. Binne die groep kies die kinders iemand wat kan terugvoer gee, 'n skrywer, 'n sameroeper of enige ander portefeulje wat hulle dink sou nodig kry. Elke groep kry 'n klein klippie. Wanneer jy wil praat, moet jy die klippie in jou hand sê. Wanneer jy klaar gepraat het, sit jy die klippie neer. As jy iets wil sê, moet jy wag tot jy die klippie in die hand het.

Die groep het vooraf geweet waarvoor hulle gaan punte kry. Ek het dit so probeer opstel dat alle aspekte gedek word. Indien die groep 'n punt van 70% kry vir die projek, sou ek vir die groep van vyf lede 'n totaal van 350 punte gee. In effek beteken dit dat elkeen van die groeplede 70% kan behaal. Maar dit is dan aan die groep oorgelaat om te besluit hoe om die 350 punte te verdeel.

Persoon 1 het dalk net af en toe deelgeneem en nie baie bygedra tot die groep se taak nie. Die groep kan dan besluit om hom net 40% te gee. Dit laat dan 310 punte om tussen die oorblywende vier te verdeel. Persoon 2 het die navorsing gedoen, en die taak saamgestel, met minimale hulp. Die groep sou dan, byvoorbeeld, vir hom 95% kon gee. Dit laat 215 punte tussen drie oorblywende lede van die groep.

Dit het wel 'n aansienlike tyd geneem om die puntetoekenning te verduidelik, maar uiteindelik moet elke groep verantwoordelikheid neem vir hulle taak, om deel te neem en om die punte uiteindelik te verdeel.

Dit was natuurlik nie volgens die model wat aanvanklik aan ons voorgehou is tydens die onderwysers se opleiding in die assessering van groepwerk nie. Maar dit was my metode en in my klas het dit gewerk.

Ek het nog altyd gedink dat daar te veel klem gelê word op groepwerk. Vir my beteken groepwerk dat die hele groep aan 'n taak werk, en uiteindelik kan sekeres laat slap lê, maar deel in die glorie. Indien enige.

Ek dink ons moet eerder verwys na spanwerk as na groepwerk. Want in 'n span kan niemand lyf wegsteek nie.

Jou hele lewe is deel van spanwerk. Jy is dalk deel van 'n gesin, en al moet jy help om kos te maak, is jy deel van die span. Dalk speel jy netbal of hokkie: daarvoor werk jy as 'n span. Selfs in 'n koor is jy 'n span. Jy is deel van 'n span as jy in 'n verhouding is. Of jy wil dwarstrek of wil saamwerk. Span sal jy wees.

Tans werk ek ook in 'n span: ons het 'n bestuurspan wat, dank Vader, 'n heerlike span is. Daar is, na al die jare, 'n natuurlike sinergie tussen ons. Ook 'n diepe aanvoeling vir mekaar. As een moeg is of sukkel, weet die ander een dit dadelik en spring in om te help. Dieselfde wanneer een deur 'n moeilike tyd gaan: iemand anders hou sy of haar rug toe. Dit was nie altyd so nie: ons moes werk en deur moeilike tye gaan om tot daar te kon kom. Ons stem nie oor alles saam nie, ons luister na mekaar se opinies. Ons weet waar mekaar se sterk- en swak punte is.

Ek het dan ook ses mense wat in my afdeling werk wie se spanleier ek is. Teenstrydig met wat oude doos kenners sê, glo ek nie in weeklikse vergaderings nie. Ek kan op enige gegewe tyd na elkeen gaan om te hoor hoe hulle vorder. Ek weet meestal wat hulle doen en hoe ver hulle is met die take wat hulle moet voltooi.

Ek probeer om hulle elke drie weke in my kantoor bymekaar te maak. Die uitnodiging sê: "Vinnige vergadering." En ek doen dit vinnig. Sonder enige formaliteite. Daar is 'n pot vol lekkers op my lessenaar waaraan almal hulle kan help gedurende die vergadering.

Elkeen trek iemand in ons afdeling se naam en trek ook 'n vraag. Verlede week se vrae was: In watter era sou jy eintlik wou leef? As jy iemand anders kon wees, wie sou dit wees? As jy nou iewers anders kon wees, wie sou dit wees? En nog drie vrae sodat elke spanlid 'n vraag kon antwoord. Ons gesels en lag lekker vir mekaar, en leer mekaar so ken.

Die tweede deel is daar net een stelling wat iemand moet voltooi, spesifiek vir die persoon wie se naam jy getrek het. Verlede week se vraag was: "Ek het hierdie jaar 'n spesifieke kwaliteit van jou raakgesien wat ek bewonder. Dit is…"

Wat 'n wonderlike geleentheid wat elke spanlid dan het om 'n ander een op te bou. Ons werk soms so hard en by mekaar verby dat ons vergeet om te sê dat die ander een goeie werk doen.


Uiteindelik het elkeen twee minute om te sê waarmee hulle besig is en uitdagings te deel.

Vir my is die belangrikste dat ons tyd maak om mekaar te waardeer.

Hierdie week se les is om vir jou spanlid te sê dat jy hom of haar waardeer.

Dit bou my span op en help hulle om hoër hoogtes te bereik. Dalk help dit jou in jou span ook.

# INSPIRASIE RESEPTE -Pasch du Plooy



This cheesecake will be a family favourite this holiday season. It's simple and delicious. Serve it with some fresh or cooked berries and your dessert is sorted. It's one of my favourite baked items.

Preparation time – 30 minutes
Cooking time – 60 minutes
Serving – 8 - 12 people

**CRUSTLESS CHEESECAKE**
**Ingredients for the cheesecake**
1kg cream cheese, at room temperature
450 ml pouring cream
50 ml (double shot) amaretto
270 gm caster sugar
1 tsp fine salt
20 gm plain flour, sifted
20 gm cornflour, sifted
3 egg yolks
5 whole extra-large eggs (about 60gm each), at room temperature

**Method**
Preheat oven to 240°C with double fan. Line base and side of a 22cm springform tin with two pieces of baking paper.

2 x 30cm x 45cm lengths of baking paper. Place one sheet over the tin, then place the second sheet across the first. Press paper down firmly to cover the base and sides of the tin, then fold the overhanging paper – about 5cm – slightly over the rim.

The creases in the paper will add character to the sides of the cooked cheesecake, while the excess paper on top will prevent the cake from overcooking.

Make sure ingredients are room temperature!

Beat cream cheese in the bowl of a stand mixer fitted with the paddle attachment on medium speed until smooth. Gradually beat in pouring cream until just combined, occasionally scraping down the sides of the bowl. Add caster sugar and salt; beat for 2 minutes. Add plain flour, cornflour and 2 egg yolks; beat until incorporated. Add whole eggs, one at a time, beating after each addition, until just combined (3 minutes).

Sieve mixture into prepared tin and level. Bake on the middle shelf of the oven until top is deeply caramelised (40-45 minutes). Reduce temperature to 150°C and bake until cheesecake is cooked but has a slight wobble in the centre (15 minutes). Transfer to a wire rack and cool completely before slicing.

**How to serve**
Serve dusted with icing sugar and with poached berries and whipped cream.

# Huppel Trippel speel toneel



50 lede is vergas op kostelike toneelspel deur Sharky en Alberta Kühn, Nonna Roos, Dawn Wessels en Boet van Zyl. Die storielyne van die flieks, Fiddler on the Roof en Zorba the Greek is gebruik. Die genoeglike oggend is afgesluit met die gebruiklike koek en tee. Op 19 Desember vind die finale program van die jaar plaas. Dit is Carols by Candlelight.

*Op die foto vl: Alberta Kühn (Goldie, Fiddler se vrou), Boet v Zyl (Zorba), Dawn Wessels (Ragel), Sharky Kühn (die Fiddler) en Nonna Roos ( Maria, Fiddler se opstandige dogter).*

# Magdaleen word 80 jaar

Wat kan 'n mens meer vra as jy die dag met jou verjaarsdag verrigtinge kan arriveer in 'n motor met dieselfde model as jy!

So 'n eer het Magdaleen van Rensburg te beurt geval toe Sampie Orten haar met sy 1943 groen Citroen by Fraaihuis Kwekery afgelaai het op Saterdag 2 Desember. Terwyl die gaste op haar aankoms gewag het, is almal luisterryk vermaak deur Wilna Pienaar met haar vlytige vingers op die trekklavier. Binne is Magdaleen verwelkom deur luide applous. Daarna het almal heerlik saamgekuier oor 'n koppie tee en smaaklike verversings. Ria van Vuuren het Magdaleen opgesom as 'n omgee-mens met lewensblyheid wat liefde uitgiet vir die mens langs haar. Sy het ook 'n skerp sin vir humor en ons wens haar die Here se seën en beskerming toe volgens Num 6: 24-26.

Magdaleen is 'n persoon van vele talente wat diep spore in Heilbron gemeenskap getrap het, in die onderwys, kultuur en kuns.

Sy is in Petrus Steyn gebore en het tot op 10 jarige leeftyd op 'n plaas grootgeword. Daarna verhuis hul dorp toe waar sy dan ook aan Petrus Steyn skool matrikuleer.

Sy studeer aan die destydse P.O.K. om haar as grondslag onderwyseres te bekwaam. Sy hou skool in Vanderbijlpark en Lindley waarna sy haar in 1972 in Heilbron vestig. In 1975 is Magdaleen getroud met Coena van Rensburg, wat op daardie stadium CR Hardeware winkel in Heilbron bedryf het. Twee kinders is uit die huwelik gebore, waarvan Mia die oudste is, en Lourens hul seun.

Na 'n loopbaan van 38 jaar in die onderwys het Magdaleen vir etlike jare diens gedoen by Riemland Museum. Magdaleen het tussendeur haar gawe vir kuns as stokperdjie beoefen, waarvan daar in talle van ons huise 'n voorbeeld pryk!

Die oggend is afgesluit op 'n hoë noot nadat Magdaleen aan elke vriendin 'n afdruk van historiese geboue, uit haar pen, as aandenking gegee het.



*Op die foto agter: Laurette Naudé. Voor: Sampie Orten, Magdaleen van Rensburg en Bertha Hancke.*



*Op die foto agter vl: Renette van Rensburg, Pietie Orton, Madeleine Fourie, Magdaleen van Rensburg, Ria van Vuuren, Marthie Ferreira, Marthie Strydom en Wilna Pienaar. Voor vl: Julia Bester, Brechtje Malherbe, Wilmien Naudé, Jacky Steytler, Wendy Roos, Bertha Hancke en Laurette Naudé.*







# Kleuterkasteel het 'n nuwe koningin


Kleuterkasteel is baie opgewonde vir 2024 om te begin met 'n nuwe skoolhoof aan stuur van sake. Mevrou Louisa Saaiman is onlangs aangestel om die leisels by mevrou Bokkie Myburgh oor te neem.

Saaiman slaag haar B.Ed graad met CUM LAUDE deur UNISA. Sy is getroud met Peet Saaiman. Die paartjie het twee woelwater kindertjies van hul eie en is woonagtig op 'n plaas net buite Heilbron.

Saaiman is 'n grondslagfase-juffrou in murg en been. Sy is lief vir klein kindertjies en straal 'n positiewe energie, kreatiwiteit en geduld uit. Sy het reeds in 'n leiersposisie binne die onderwyssektor gedien.


Kleuterkasteel is vol vertroue dat Saaiman en die onderwysspan gaan voortbou op 'n instansie wat kwaliteit onderrig en sorg aan Heilbron se kleuters bied. Dit is Saaiman se visie om 'n veilige, liefdevolle en geborge leeromgewing by Kleuterkasteel te skep sodat elke kleuter sy/haar volle potensiaal kan bereik.

Kleuterkasteel is verheug dat mevrou Saaiman nou deel is van die span en sien uit na 'n toekoms waar nuwe doelwitte bereik word en vrolike kleuters lewe gee aan die geliefde "kasteel".





# Kleuterkasteel sluit op 'n hoë noot af



*Kleuterkasteel het Woensdag 29 November op 'n groot hoogtepunt afgesluit met lekker swem en "slip a slide" en natuurlik die lekkerste die bubble house wat hulle baie geniet het. Dankie aan Sune Pienaar van Playball wat dit saam met ons geniet het.*

# Bella Palm Toekennings

**• *Anita Buitendag***

Model Manifest het die afgelope Saterdag hul jaarlikse afsluiting en toekenning geleentheid gehou te Presley's Boksburg Gauteng, waartydens modelle van verskeie Manifest takke, meegeding het om groot toekennings. Die stylvolle en spog geleentheid was met trots aangebied deur Me Susan Myburgh (Eienares, "CEO" en Direktrise van Model Manifest SA) in samesyn met haar uitmuntende span en het groot aftrek geniet onder toeskouers en publiek.

Modelle het behoorlik die koppe laat draai in hul semi-formele Kersuitrustings volgens tema en het ook elkeen 'n geskenk ontvang ter verwelkoming tydens aankoms.

Duursame krone van verskeie groottes, het skitterend gestraal en baniere waarop vele benamings trots gepruik het was oral te bespeur, omring deur talle sertifikate, trofees en medaljes.

Bella Fernandes van Heilbron tak het die geleentheid bygewoon en was grootliks verras deur die menigte toekennings wat sy ingepalm het, waaronder "Most Photogenic Model", "Best Ramp Model", "Most Dedicated Model" asook 'n eksklusiewe "Supreme" toekenning as "Overall Winner" vir Heilbron tak.

Mev. Maryke Bernard van Heilbron het 'n toekenning ontvang as "Best Supporting Mom" vir haar deurlopende ondersteuning en betrokkenheid, wat sy heel jaar sonder skroming getrou aangebied het by ons Manifest Heilbron tak.

Die geleentheid het geëindig met 'n onverwagse, verrassende hoogtepunt toe Mev. Anita Buitendag (Onderwyseres van Model Manifest Heilbron), die toekenning vir Beste Model Onderwyseres ontvang het.




*Op die foto vl: Anita Buitendag (Onderwyseres - Heilbron) tesame met Bella Fernandes (Model - Heilbron Tak).*



*Mev. Maryke Bernard - "Best Supporting Mom" toekenning.*





*Op die foto bo: Anita Buitendag - Beste Model Onderwyseres Toekenning*
*Op die foto regs vl: Anita Buitendag (Onderwyseres - Heilbron) & Me Susan Myburgh (Model Manifest SA Eienares, Direktrise en "CEO").*


VEGKOP GELOFTEFEES
VEGKOP SLAGVELDTERREIN

16 Desember 2023 - 09:00

PROGRAM

**08:45** Samesang met trompetspeler Carlo Wright - Lofbetuigingsaksie Isabel Kruger (Begeleidster)

**Voorlees van Gelofte** - Fanie Malherbe

**Skrifoordenking:** Ds. Jurie Venter
**Skriflesing:** 1 Samuel 17 - Teksvers 45
**Tema:** "Vertroue ..... en verontwaardiging"

**Kranslegging & Huldeblyk:** Maretha & Jasper van der Bijl

**Swartkruitsalvo - Voorlaaiers:** Charl Marais

**Samesang met trompetspeler:** Lied van Jong Suid-Afrika & liedere

**Teepouse:** ( +- 20 min) Koffie & Tee gratis - Feeskomitee

**Feesrede:** Adv. Marius Ackermann
Nuutverkose voorsitter van die Voortrekkermonument se direksie

**Verkiesing:** Feeskomiteelid deur die gemeenskap

**Bedankings**

**Afsluiting:** Stem van Suid-Afrika

**Geloftefeesnavrae:** Hennie Naudé - 083 269 9293
**Kampering beskikbaar kontak:** Corné vd Merwe - 083 306 0357

**Fees-etes beskikbaar teen R120/ete en moet asseblief vooraf gereël en betaal word by Anita Scheepers - 082 413 2218**


# Klas van 1983 kuier saam



*Die 1983 matriekklas van Hoërskool Willem Pretorius was vroeg in November byeen op Francolin Creek Lodge. Francois en Annalene Naudé het vir die naweek van Abu Dabi ingevlieg om ou skoolmaats te kom groet. Die "onthou jy nog stories" het vir baie vermaak gesorg en was die naweek net die regte medisyne om bande weer op te tel. Persone op die foto agter: Heine Scholtz, Thys Els, Maryna Marais (neé Muller), Francois Naudé, Annetjie Venter (neé Claasen), Neels Barendrecht, Johan Lindeque en John Watson. Voor: Annalene Naudé (neé Slabbert), Antoinette Pratt (neé Stapelberg), Elsa du Plessis (neé Johnson) en Connie van Niekerk.*

Ons laaste uitgawe vir die jaar is DV **14 Desember 2023** en eerste uitgawe vir volgende jaar **12 Januarie 2024**.
Fabriek sluit **14 Desember 2023** & winkel sluit
**20 DESEMBER 2023 OM 13:00**.
Fabriek & winkel open DV **8 Januarie 2024**.
Herald Office National

# KENNISGEWINGS

## KENNISGEWING AAN KREDITEURE

Registrasienommer van boedel: **8504/2023**
Van: **Du Toit**
Voorname: **Gieliam Stefanus**
Geboortedatum: **30 Julie 1959**
Laaste adres: **Plaas Uniedam, distrik Koppies**
Datum oorlede: **5 Oktober 2023**
Meesterskantoor: **Bloemfontein**
Skuldeisers in bogenoemde boedel word versoek om hulle vorderinge in te lewer en skuldenare om hulle skulde te betaal by die ondergetekende binne 30 dae vanaf 8 Desember 2023.
Geteken te Parys op hierdie 23ste dag van November 2023.
**EBEN KRIEK INGELYF PROKUREURS**
**KERKSTRAAT 17**
**POSBUS 256, PARYS, 9585**
**VERW: Mnr Kriek/rlr/D5228**

## KENNISGEWING

KENNISGEWING in die **BOEDEL VAN WYLE HENDRIK JOHANNES VAN WYK,** Identiteitsnommer: 560218 5029 087 in lewe 'n Rentenier woonagtig te Telkom Koshuis, Vierdestraat, Welkom, 9459, geskei.
Datum van afsterwe: 24 Augustus 2021
**BOEDELNOMMER: 010015/2021**
KENNIS GESKIED HIERMEE dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bostaande boedel ter insae sal lê by die kantore van die Meester van die Hooggeregshof, BLOEMFONTEIN, en die Landdros te WELKOM vir 'n periode van 21 (EEN EN TWINTIG) dae vanaf datum van hierdie kennisgewing. Indien geen besware daarteen by die Meester van die Hooggeregshof of by die Landdros binne die gemelde tydperk ingedien word nie, sal die Eksekuteur tot die uitbetaling daarvolgens oorgaan aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die Boedel in te dien binne 30 (DERTIG) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:
**MNRE BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**POSBUS 6, REITZ, 9810**

## PUBLIC NOTICE

Application for an Environmental Authorization for the proposed activities.
**Notice is given for the following application:**
1) Environmental authorization application for mining.
• **Proponent:**
The applicant is Raubex Construction (Pty) Ltd.
• **Ref. no:** FS30/5/1/3/2/10375MP
• **Property description:**
The proposed mining area is over a Portion of the Remaining extent of the farm Rietfontein 156, Heilbron district. The total extent of the mining area is 5 hectares.
(21 SG digital code: F01600000000015600000)
• **Location:**
The property is situated ±1.7 km west of Heilbron
• **Date submitted**: 8 November 2023
• Process of Basic Assessment is followed and the document will be available on request.
• A site meeting will be held on request.
• **Project description:**
The purpose of the application is to obtain the required authorisation from the Department to successfully: undertake opencast excavations.
• **Activity applied for:**
The following activities as listed in terms of NEMA (Act No. 107 of 1998) as amended and EIA Regulations, 2014 was applied for under Listing Notice 1 – GNR 327 of 2014, Activity 21 & Listing notice 1 – GNR 327 of 2014, Activity 27
• **Minerals applied for:**
Stone Aggregate, gravel (St) and Gravel (G5 & G7)
• **Stakeholder involvement:**
Stakeholders are invited to register as interested and affected parties and to participate in the application process by identifying issues of concern and suggestions for consideration in the BAR/EMPr and may contact DERA Environmental Consultants for any further information. Please submit your written comments by mail, fax or e-mail in this 30 day of this notice to:
**Ms. Esna Erasmus of**
**DERA Environmental Consultants**
**PO Box 6499, Flamwood, 2572**
**E-mail: daane@dera.co.za**
**or dera.office@dera.co.za**
**Cell: 082 895 3516**
• **Date of advertisement:** Friday 8 December 2023

Get a head start for 2024



15% OFF ON ALL DIARIES!
Herald Office National
We mean business
Valid until the end of December 2023




## BIBLIOTEEK OOP

*Piercestraat 66 • Heilbron*

**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com







2024 DESKPADS
NOU BESKIKBAAR
Deskpads
R27-50 elk
44 Els Street
Heilbron
Tel: 058 852 3033
Herald Office National

# TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

# DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING 082 851 6158
OF PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron
R

POSTNET HEILBRON
**FESTIVE SEASON TRADING HOURS**
Normal Trading Hours: Monday - Friday: 08:00 - 16:30
Saturday: 09:00 - 12:00

Friday 15th Dec. - Closed Public Holiday
Saturday 16th Dec. - Closed Public Holiday
Sunday 17th Dec. - Closed

Monday 18th - Friday 22 Dec. - Normal trading hours

Saturday 23rd Dec. - Closed
Sunday 24th Dec. - Closed
Monday 25th Dec. - Closed Public Holiday
Tuesday 26th Dec. Closed Public Holiday

Wednesday 27th - Friday 29th Dec. - Normal trading hours

Saturday 30th Dec. - Closed
Sunday 31st Dec. - Closed

Monday 1st Jan. - Closed Public Holiday
Tuesday 2nd Jan. - Normal trading hours

Elsstraat 42, HEILBRON | Tel: 058 853 0006

# SMALLS

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

## WINKELURE

**Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**




# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes) marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.) WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.) WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*


SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R85
heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 064 988 6078



POSTNET HEILBRON

# HERALD Sport

Ons laaste uitgawe vir die jaar is DV **14 Desember 2023** en eerste uitgawe vir volgende jaar **12 Januarie 2024**.



## Jackie wen die laaste mug vir 2023

Verlede Saterdag het Jackie Leonard, met 73 Medal punte, die laaste HBA monthly mug vir 2023 gewen. Simon Malgas wen die tweede plek met 74 punt, dus het Jackie 'n naby oorwinning behaal met slegs een punt. Daar is 'n grappie wat lui dat Jackie vir sy gaste koffie bedien in al die mugs wat hy reeds gewen het. Alhoewel skertsend, bly dit 'n uitstekende prestasie en Jackie skat dat hy ongeveer dertig mugs in sy vertoonkas het.

Dit is interessant dat al die spelers se punte in dieselfde kol was, daar is slegs 'n variansie van tien punte tussen die wenner en die laaste speler.

Môre is die Presidentsdag en die kerspartytjie waarna almal al vir 'n geruime tyd uitsien. Afslaantyd is 10:00 vir 10:30 met Scramble formaat. Die kerspartytjie begin om 18:00.



*Op die foto vl: Zacharia Mholo (Kaptein) en Jackie Leonard (Wenner).*



*Op die foto vl: Zacharia Mholo (Kaptein) en Simon Malgas (Naaswenner).*

## Jordan slaan KZN vir 'n ses



*Jordan Buitendag, 'n Gr. 7 leerder van Hoërskool Heilbron, het onlangs in die o/13B Vrystaat krieketspan deelgeneem aan twee onderskeie provinsiale wedstryde teen KZN, te Newcastle. Vanuit twee oorblewende kolfbeurte het hy 'n ses geslaan tydens die eerste kolfbeurt en 'n totaal van 4 paaltjies gevat. Vrystaatspan het uitgetroon bo KZN span deur beide wedstryde te wen.*

## Noord Vrystaat-Viere

### Heilbron kry silwer

Heilbron Rolbalklub se vier ster spelers olv Rudi Jacobs het 'n uitstekende Noord Vrystaat Viere Kampioenskappe beleef. Om Saterdag 2 top spanne uit te stof om jou afdeling te wen, wil gedoen wees. Dan kom die semi-finale Sondag en jy moet dit uitspook teen die Valsrivier se kampioenspan en hulle dan net-net te klop met 'n goeie 4 punte om die finale te haal. So 'n span verdien om in die finaal te speel. In 'n naelbyt eindstryd teen die ervare span van Ben Pieterse van Reitz, moes hulle net-net die knie buig.

Met die klub se jaarlikse Kersfunksie het ons afskeid geneem van twee staatmakers van die klub. TL en Henriehett de Waal, ons wens julle voorspoed toe met julle toekomsplanne daar in Thabazimbi.

Die bestuur herinner spelers aan die Gemengde Pare kompetisie wat op 9 Januarie 2024 by die klub afskop. Dit moet afgehandel wees teen 19 Januarie 2024.

Die baan is oop vir sosiale spel gedurende die feesseisoen. Inligting sal op die rolbalgroep deurgegee word.



*Op die foto vl: RJ Muller, Edward Muller, Rudi Jacobs, JC Pretorius en Jan Coetsee (Voorsitter NFS Bowling)*

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 11 DESEMBER 2023**
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
MONT PELAAN Maandelikse veiling
Kontak Marthinus Theunissen 076 420 4115
GILEAD Twee-maandelikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

**DINSDAG - 12 DESEMBER 2023**
KLERKSDORP Kersveiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312
VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak Marthinus Theunissen 076 420 4115
DUNDEE 2-Weeklikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091
VREDE Maandelikse veiling
Jandré Moll 082 307 9169
LUNEBURG Twee-maandelikse veiling
Kontak Udo Beneke 082 797 8088

**WOENSDAG - 13 DESEMBER 2023**
REITZ Twee Weeklikse veiling
Kontak Jandré Moll 082 307 9169
BULTFONTEIN Kersveiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

**DONDERDAG - 14 DESEMBER 2023**
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

**VRYDAG - 15 DESEMBER 2023**
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za

EST.2021
OJ'S
ON LONGMARKET
BLACK FRIDAY specials
Wednesday
6 Wings and Draught @R70
12 Wings and Draught @R105
058 852 1319
Friday and Saturday
All Draughts @R19.99 each
Double Brandy and soft drink @R39.99 each
Double J&B or Bells Wiskey and soft drink @R39.99 each
Assorted Ciders @R19.99 each
Sunday
Choose from our selected menu a starter, main meal and dessert for only R249.99 pp.
Offer valid from 25/11/2023 untill 31/12/2023
Sit-down only.